‘n Historiese perspektief op die kapelaansvrou in die Suid-Afrikaanse militêre milieu

Izette Bredenkamp
Departement Geskiedenis
Bloemfontein-kampus
Universiteit van die Vrystaat
bredenis@ufs.ac.za

André Wessels
Departement Geskiedenis
Bloemfontein-kampus
Universiteit van die Vrystaat
wesselsa@ufs.ac.za

Abstract

This article forms part of a larger project on the history of South African military chaplaincy. It provides a review of the role played by the spouses of Permanent Force chaplains in the military context of South Africa. Gender provides one of the most prominent structures of human society and, throughout history, most cultures displayed a patriarchal system in which women took a subordinate position to their male counterparts. Until late in the twentieth century, women in Western culture were mostly responsible for domestic chores, while their husbands served as breadwinners, thereby dominating the economic and political public spheres. Despite the traditional determination of gender roles, women often serve as major variation agents in the narrative of history. The contributions of ordinary women are usually the most extensive and the least acknowledged and, both as individuals and as spouses, they contribute on a daily basis to the wellbeing of societies. In line with the female role paradigm of the late-twentieth century in Western culture, the spouses of South African military chaplains served as a source of support for the spiritual ministry to the armed forces and worked for the wellbeing of the the military society at large. Exploring the role of the spouses of military chaplains in the South African armed forces provides a different perspective on the military context, which is usually defined in masculine terms, and it also contributes to the documentation of the history of South African women. A historical understanding of all the dimensions of military chaplaincy in South Africa will be incomplete without an overview of the contributions of the spouses of chaplains.

Keywords: South African Chaplain Service (SACHS); Chaplains’ spouses; Chaplains Wives Committee; History; Border War (Namibian War of Independence, Bush War); Gender studies.

Inleiding en agtergrond

Hierdie artikel vorm deel van 'n projek waarin die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse kapelaansdiens geïnterpreteer word. Die nagraadse studies wat in Suid-Afrika op M.- en D.-vlak oor die kapelaansdiens verskyn het, sluit biografieë en werke oor bedieningsaspekte in, terwyl twee doktorale studies ook die geskiedenis van die kapelaansdiens beskou, hoewel vanuit 'n teologiese perspektief. Die doktorale studie van JF Potgieter, *Die militêre kapelaan: Die ontstaan en ontwikkeling van die amp, taak en organisasie van militêre kapelane in die geskiedenis van die Christelike kerk, met besondere verwysing na Suid-Afrika* (Universiteit van Pretoria, 1971) word allerweë as baanbrekernavorsing beskou. Potgieter het verskeie Westerse militêre kapelaansdienste besoek en sy analisering van die posisie, taak en organisasie van kapelane geskied dan ook in 'n globale konteks. Ten spyte van die internasionale inslag, is Potgieter se invalshoek deurgaans op 'n patriargale[1] kultuursiening gegrond. In 'n doktorale studie getiteld, *The history, role and influence of the South African Military Chaplaincy, 1914-2002* (Universiteit van Suid-Afrika, 2002), gee SG van Niekerk 'n akademies-gefundeerde oorsig van die verskillende denominasies in die Suid-Afrikaanse kapelaansdiens en van die individue verbonde aan hierdie denominasies. In drie van die meer as 400 bladsye gee Van Niekerk ook erkenning aan die bydrae van die Kapelaansvrouekomitee. Die stilswye by Potgieter, en Van Niekerk se byna terloopse verwysing na die rol van kapelaansvroue, is tot 'n groot mate in ooreenstemming met tradisionele globale tendense rondom vrouestudies en die feit dat die militêre terrein vir baie jare as 'n eksklusiewe manlike domein gesien is.

Sosioloë en antropoloë is van mening dat daar histories weinig kulture is waarin vroue nie 'n ondergeskikte posisie ten opsigte van hul manlike eweknieë beklee nie. Sosialisering ten opsigte van geslagsrolle vind reeds sedert geboorte plaas en word bepaal deur die gebruike en vooroordele wat in die kultuur van 'n betrokke tydperk vasgevang is. Vroueregtebewegings beywer hulle sedert die negentiende eeu vir erkenning van die status en regte van vroue, maar die vraag na die posisie van vroue het eers gedurende die 1990's, met die aanvang van die derde fase in die feministiese beweging, 'n brandpunt in populêre en akademiese debatvoering geword, en feminisme

1 Tradisioneel verwys die term "patriargie" na gemeenskappe waar die familiestruktuur op die vader, eerder as die moeder se afkoms gegrond is. Die feministiese literatuur het verskillende benaderings, maar gebruik die term deurgaans om na manlike dominansie te verwys. Sien J Fulcher & J Scott, *Sociology, 3* (Oxford, Oxford University Press, 2007), p. 161; BA Reardon & A Hans (reds.), *The gender imperative: Human security vs state security* (Londen, Routledge, 2010), pp. 13-14.

as een van die hoofparadigmas in die akademiese navorsingsveld gevestig. Tradisioneel het die patriargale inslag van die Westerse samelewingsorde tot gevolg gehad dat vroue oorwegend binne die huishouding en gesinsverband betrokke was, terwyl die man gesien is as die broodwinner en in 'n bepaalde beroep of betrekking gestaan het. Dit het daartoe gelei dat mans die openbare terrein in feitlik al sy fasette oorheers het.[2]

Hoewel vroue gedurende die Middeleeue in die Westerse militêre opset dikwels ondersteunened opgetree het, het die negentiende-eeuse ontstaan van nasionale state, die gepaardgaande instelling van verpligte militêre diensplig en die daaropvolgende professionalisering van nasionale weermagte hierdie terrein in 'n eksklusiewe manlike domein omskep.[3] Die getal aktiewe vrouemagslede in Westerse weermagte het na die Vietnamese Oorlog (1964-1975), met die oorskakeling vanaf diensplig na 'n vrywillige aansluitingstelsel, toegeneem. Tog maak vroue steeds 'n minimale persentasie van staandemagpersoneel uit en oorskry hulle ledetal selde die 10%-kerf. Anders as sy voorganger, die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW), is die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) in hierdie opsig 'n uitsondering. Teen 1998 was 24,3% van die aktiewe Staandemag vroulik en in 2013 het hierdie syfer opgeskuif na 28,2%.[4]

Die uitsluitlike manlike karakter van die SAW het verhoed dat vroue voor 1994 as aktiewe magslede hulle stempel op die Suid-Afrikaanse militêre geskiedenis kon afdruk. Hoewel die Suid-Afrikaanse Kapelaansdiens (SAKD) in Januarie 1983 'n vrouedienswerker by 1 Militêre Hospitaal, Pretoria,

2 M Haralambos & M Holborn, *Sociology: Themes and perspectives, 6* (Londen, Collins, 2004), p. 92; A Giddens, *Sociology, 6* (Cambridge, Polity Press, 2012), pp. 291, 614; J Fulcher & J Scott, *Sociology*..., pp. 174-177; I Skjelsbæk & D Smith (reds.), *Gender, peace & conflict* (Londen, Sage Publications, 2001), pp. 20-21; BA Reardon & A Hans (reds.), *The gender imperative*..., pp. 12-13. Hoewel daar nie akademiese eenstemmigheid rondom die fases van die feministiese beweging is nie, word die eerste fase algemeen met die negentiende en vroeg-twintigste eeuse vrouestemreg- en beroepsprotsaksies verbind. Die tweede fase strek vanaf die 1960's tot die 1990's. Dit het minderheidsgroepe betrek, was meer radikaal en het samehorigheid onder vroue bevorder. Die derde fase het in die middel-1990's begin met 'n terugkeer na 'n bemagtigde en selfversekerde vorm van vroulikheid waarin geslag getransendeer word.

3 M Kimmel & A Aronson (reds.), *Men and masculinities. A social, cultural and historical encyclopedia,* II, K-Z (Santa Barbara, ABC-CLIO, Inc., 2004), p. 548.

4 I Skjelsbæk & D Smith (reds.), *Gender, peace…*, pp. 5-7; M Kimmel & A Aronson (reds.), *Men and masculinities…*, pp. 546-548; C Lindsey, *Women facing war* (Geneva, ICRC, 2001), pp. 23-25; Republic of South Africa, Department of Defence and Military Veterans, "Annual Report 2012/13", p. 14 (beskikbaar by: http://www.dod.mil.za/documents/annualreports/Annual%20Report%202013%20 Final.pdf, soos gelees op 9 Junie 2014). Sien ook Anon., "Vroue sal saam met mans veg", *Die Transvaler*, 1 Maart 1993, p. 12. Die Russiese weermag was die enigste weermag wat vroue tydens die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) in gevegsituasies gebruik het, maar tydens die Golfoorlog (1990-1991), het 40 000 vroue deel van die ontplooide Amerikaanse mag uitgemaak. Daarbenewens toon die Internasionale Rooi Kruis aan dat 30% van die guerillavegters in Nicaragua en 25% in El Salvador vroulik is – sommige selfs in bevelsposisies. Skjelsbæk en Smith wys egter daarop dat die werwing van vroue geensins ten doel het om die tradisionele militêre kultuur te verander nie en, volgens Kimmel en Aronson, kom geslagsvooroordeel nog dikwels in die militêre opset voor.

in die persoon van me. Doret de Wet aangestel en sy die basiese opleiding van Dienspligkapelane voltooi het, is daar nooit van haar verwag om, byvoorbeeld, grensdiens te verrig nie. Sy het in 1992 weens gesondheidsredes bedank en kpln. (ds.) DC (Dina) Joubert is as deeltydse kapelaan vir die verpleegsters van 1 Militêre Hospitaal aangestel. Met die totstandkoming van die SANW in 1994 het vroulike aanstellings toegeneem, en op 1 Junie 1995 het kpl. (ds.) Dina Joubert die eerste vroulike militêre kapelaan in die SANW geword.[5] Die onbeduidende staandemagverteenwoordiging ten spyt het vroue, as die eggenotes van militêre kapelane, binne die raamwerk van die Westerse patriargale bestel en vanuit 'n ondergeskikte en ondersteunende geslagsrolparadigma, daadwerklik hulle invloed in die Suid-Afrikaanse kapelaansbediening en in die wyer militêre gemeenskap gevestig. Juis daarom kan die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse militêre kapelaansdiens nooit volledig wees indien die rol van kapelaansvroue nie ook in aanmerking geneem word nie. Hierdie artikel wil hierdie leemte vul deur 'n oorsig te gee van die posisie en rol van kapelaansvroue in die militêre opset van Suid-Afrika, om daarmee ook 'n faset van die geskiedenis van vroue in Suid-Afrika te dokumenteer.

Hoewel die Suid-Afrikaanse kapelaansdiens sy beslag formeel op 16 Augustus 1914 gekry het, is dit eers op 1 April 1973 as 'n volwaardige en onafhanklike ondersteuningsdiens van die SAW erken.[6] Teen die einde van die 1970's was daar vyf kategorieë kapelane in die SAW werksaam, te wete Staandemagkapelane, Burgermagkapelane, Kommandokapelane, deeltydse kapelane en Dienspligkapelane.[7] In hierdie artikel word die posisie en taak van Staandemagkapelane se eggenotes vir die tydperk c.1970 tot 1994[8] omlyn. Die historikus, Arthur Marwick, wys daarop dat dit dikwels die gewone, onbekende vroue is wat die vrou se invloed in die samelewingsorde vestig en die gang van die geskiedenis help bepaal.[9] Hierdie uiteensetting sal dan ook poog om historiese betekenis aan die werksaamhede van gewone kapelaansvroue te gee. Inligting is verkry uit die kapelaansvrouehandleiding,[10] die mondelinge getuienis van kapelaansvroue tydens semi-gestruktureerde

5 SG van Niekerk, *The history, role and influence of the South African military chaplaincy, 1914-2002* (D.Th., UNISA, 2002), p. 247.

6 Vergelyk in die verband JF Potgieter, *Die militêre kapelaan: Die ontstaan en ontwikkeling van die amp, taak en organisasie van militêre kapelane in die geskiedenis van die Christelike kerk, met besondere verwysing na Suid-Afrika* (D.Div., UP, 1971), p. 182 e.v.; SG van Niekerk, *The history, role…*, pp. 106, 122, 184, 248-249.

7 SG van Niekerk, *The history, role…*, pp. 189, 240.

8 Vergelyk p. 103, *infra*, oor die posisie van kapelaansvroue na 1994.

9 A Marwick, *Women at war 1914-1918* (Londen, Croom Helm, 1977), pp. 8, 40, 163.

10 Die kapelaansvroue SAW, *Die kapelaansvrou* (Pretoria, Daan Retief Uitgewers, 1982).

onderhoude, koerantberigte, berigte uit die amptelike kapelaanspublikasies,[11] asook dokumentasie wat deur me. Ria van Rensburg, eertydse vrou van wyle genl.-maj. (ds.) CP Naudé, Kapelaan-generaal vanaf 1983 tot 1990, bewaar is. Ander dokumente, onder andere vergaderingsnotules, is tydens opruimingsprosesse vernietig.[12]

Die geestelike bedieningsbeginsels van die SAW

Die kapelaansvrou se rol in die militêre opset kan alleen verstaan word teen die agtergrond van die geestelike bedieningsbeginsels wat in die SAW gegeld het en daarom word kortliks hierby stilgestaan. Bediening het op 'n kerkgenootskaplike grondslag plaasgevind en die SAKD was die instrument waardeur die verskillende denominasies hulle lidmate kon bereik. Die rasionaal was dat elke weermaglid die reg het om geestelik volgens sy/haar kerkgenootskap se beginsels en gebruike bedien te word. Die kapelaansbediening is dus deur samewerkingsooreenkomste as 'n verlengstuk van elke betrokke denominasie gestruktureer. Aanstellings van Staandemagkapelane was in ooreenstemming met 'n kerkgenootskap se lidmaattal en, anders as in ander Westerse kapelaansdienste, het die kapelaan se bediening ook die gesinne van weermaglede ingesluit. Waar daar nie genoeg lidmate was om die aanstelling van 'n Staandemagkapelaan te regverdig nie, is van plaaslike leraars op 'n deeltydse basis gebruik gemaak. In 1971 was daar 11 kerkgenootskappe in die SAKD verteenwoordig. Getallegewys was die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk) die talrykste (48,7%) en aanstellings by die Kapelaanshoofkwartier in Pretoria was dan ook meestal vanuit hierdie denominasie. Die ander kerkgenootskappe het die Rooms-Katolieke Kerk, die Anglikaanse Kerk (Church of the Province of South Africa), die Apostoliese Geloofsending, die Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika, die Gereformeerde Kerk, die Vrye Kerke (Free Churches)[13] en die Joodse geloof ingesluit. In 1979 het die Metodiste Kerk sy verbintenis met die Vrye Kerke verbreek, terwyl verskeie Pinkster (Pentacostal)-kerke hulle bedieninge in 1974 saamgevoeg het. Dit was by feitlik al die denominasies kerklike gebruik

11 Vir die tydperk onder bespreking is in besonder van die amptelike kapelaansblad, *In Hoc Signo*. Die amptelike kapelaansblad sedert 1994, *The Military Chaplain*, het sedert 2001 verskyn, maar ongereeld.

12 Onderhoude, R van Rensburg (Kapelaan-generaalsvrou, 1983-1990)/I Bredenkamp (Navorser, UV), Pretoria, 5 Augustus 2012 en 22 Oktober 2012.

13 Die Vrye Kerke was 'n samevoeging van die hulpbronne van die Presbiteriaanse Kerk, die Baptiste Kerk, die Metodiste Kerk en die Congregational Church.

om die kapelaan aan 'n plaaslike gemeente te verbind – hetsy 'n selfstandige militêre gemeente, of as medeleraar by 'n burgerlike gemeente. Burgermag- en Kommandokapelane wat die Burgermageenhede en Kommando's tydens oproepgeleenthede vergesel het, is ook by die verskillende gebiedseenhede ingedeel. In 1973 was daar 65 Staandemagkapelane, 115 Burgermag- en Kommandokapelane en 130 deeltydse kapelane in die SAW werksaam. Sedert 1977 het afgestudeerde teologiese studente hulle diensplig as Nasionale Dienspligkapelane in die SAKD voltooi, en in 1981 is hulle dienspligtydperk na twee jaar verleng. Aanstellings van kapelane was in ooreenstemming met die onderskeie weermagdele en, as byvoorbeeld vlootkapelaan, hospitaalkapelaan of lugmagkapelaan, was hulle saam met hulle gesinne in die weermageenhede woonagtig. Dit het aan kapelaansvroue die geleentheid gebied om kontak te maak met al die vroue wie se mans aan die betrokke eenheid verbonde was.[14]

Soos reeds aangetoon, is die militêre kapelaansbediening in Suid-Afrika eers op 1 April 1973 as 'n volwaardige en onafhanklike ondersteuningsdiens van die SAW erken met kol. (ds.) JA van Zyl as die eerste Kapelaan-generaal van die SAW. Behalwe 'n Adjunk-kapelaangeneraal, is vyf Senior Stafoffisiere in die portefeuljes Kapelaansbediening, Opleiding, Leër, Lugmag en Vloot by die Kapelaanshoofkwartier aangestel. Tydens 'n herstrukturering in 1981 is verskeie nuwe direktorate gevorm waarvan Bediening, Personeel, Logistiek en Finansies by die Kapelaanshoofkwartier gesetel was. Die ander was by die onderskeie Hoofkwartiere van die weermagdele gehuisves, te wete Direkteur Kapelaansdiens: Leër, Direkteur Kapelaansdiens: Lugmag, Direkteur Kapelaansdiens: Vloot, Direkteur Kapelaansdiens: Geneeskundige Dienste en Direkteur Kapelaansdiens: Suidwes-Afrika Territoriale Gebiedsmag.[15]

Die kapelaansvrou in die militêre opset

Talle publikasies rondom die militêre kapelaansbediening stel dit duidelik dat die aard van geestelike bediening in die burgerlike en in die militêre konteks dieselfde is; alleen die logistiek van die werksomgewing verskil.[16]

14 JF Potgieter, *Die militêre kapelaan…*, pp. 320-321, 327 332; SG van Niekerk, *The history, role…*, pp. 178, 188-189, 193, 241; C Naudé, "Die Kapelaansdiens", *Die Boodskapper: Ned. Geref. Gem. Waverley-Oos* 3(5), Junie 1987, p. 1; Anon., "Two years national service for chaplains", *In Hoc Signo,* 5(2), Junie 1980, p. 4; Anon., "Daarmee is ons besig: Aangename kennis", *In Hoc Signo,* 7(2), Julie 1982, p. 7.

15 Anon., "Genl-maj (ds) JA van Zyl", *In Hoc Signo,* 9(1), Junie 1983, pp. 4-5; SG van Niekerk, *The history, role…*, pp. 188, 192.

16 Kyk, onder andere, JF Potgieter, *Die militêre kapelaan…*, pp. 356-357; G Latham, "Christianity in the Army", *Paratus* 24(1), Januarie 1972, pp. 30-31.

Die handleiding vir kapelaansvroue wat in 1982 gepubliseer is, sien die kapelaansvrou dan ook as 'n predikantsvrou in die volste sin van die woord.[17] Sosiale rolparadigmas verander met verloop van tyd, maar in die sewentiger- en tagtigerjare van die vorige eeu het Suid-Afrika se patriargale strukture bygedra tot 'n redelike rigiede samelewingskonsep van geslagsrolle, wat dit vir die predikantsvrou onmoontlik gemaak het om haar van haar man se beroep los te maak. In later jare het die situasie verander, en die gemeenskap het begin aanvaar dat die predikantsvrou 'n eie loopbaan kan volg.[18] Sedert die totstandkoming van die SANW in 1994 woon Staandemagkapelaansgesinne nie noodwendig meer in die militêre eenhede nie, aangesien veral swart kapelaansvroue dikwels belangrike poste op ander plekke as hulle eggenote beklee. Uiteraard het hierdie toedrag van sake die kapelaansvrou se posisie en rol in die militêre opset verander. In die tydvak onder bespreking was die hooftaak van die kapelaansvrou egter om haar man as predikantsvrou en as offisiersvrou by te staan en om, in haar kontak met ander, die amp van gelowige uit te leef.[19]

Die kapelaansvrou as predikantsvrou

In 1978 het die SAKD 'n vraelys onder kapelaansvroue gesirkuleer om die aard van hulle betrokkenheid in die kapelaansbediening te bepaal. Die inligting wat verkry is, het aangetoon dat hulle hul eggenote oor 'n wye front bygestaan het en dat hulle taak nie noodwendig minder belangrik of meer beskeie as dié van hul eggenote was nie.[20] As predikantsvroue het hulle aan die eiesoortige verpligtinge van 'n gemeente voldoen en die leiding in kerklike aktiwiteite, soos vrouebyeenkomste, bidure, Bybelstudie en jeugbyeenkomste geneem. Soortgelyk aan burgerlike predikantsvroue het kapelaansvroue se taak ook verder gestrek as die gewone gemeentelike werksaamhede en was

17 Die kapelaansvroue SAW, *Die kapelaansvrou*..., p. 10.

18 I Skjelsbæk & D Smith (reds.), *Gender, peace…*, p. 10; Die kapelaansvroue SAW, *Die kapelaansvrou*..., p. 2. Vergelyk ook die huldeblyk in 2000 aan me. Malinda Lazenby, 'n predikantsvrou van die Pierneef NG-gemeente, Pretoria op die webwerf, Pierneef NG Gemeente, "Die tweede kwarteeu: Die bruid maak haar gereed"(beskikbaar by: http://www.ngkpierneef.co.za/Feesblad.htm, soos gelees op 3 Junie 2013). Dit lui: "[sy] verteenwoordig 'n nuwe geslag predikantsvroue wat voltydse beroepe beoefen terwyl hulle ook probeer om aan die tradisionele verwagtinge vn die kerkgemeenskap te voldoen."

19 Onderhoud, brig.-genl. (ds.) M Cornelissen (Kapelaan-generaal, 2004-2011)/I Bredenkamp (Navorser, UV), Bloemfontein, 12 Julie 2013; Die kapelaansvroue SAW, *Die kapelaansvrou*..., pp. 10, 24; Anon., "Kapelaansvroue stel hul Melita met 'n dankbare hart bekend", *Paratus*, Julie 1982, p. 93; Privaatversameling, R van Rensburg, eertydse Kapelaangeneraalsvrou, tans woonagtig in Pretoria (PRR), Verslag kapelaansvroue 1989, p. 1.

20 Anon., "Belangrike taak van vrouens aangetoon", *In Hoc Signo,* 3(6), September 1978, p. 10; PRR, *Die kapelaansvroue: Geskiedkundige oorsig*, p. 2.

hulle ook betrokke by, onder andere, sendingaksies soos "garagedienste" en naaldwerkklasse, huweliksverrykingskursusse, gesinskampe, die maak van speelgoed vir kinderhuise en besoeke aan tehuise vir bejaardes. Kapelaansvroue se dagtaak was egter dikwels meer omvattend as dié van burgerlike predikantsvroue omdat hulle, benewens hulle verpligtinge as offisiersvroue, ook met die voorsiening van burgerlike gemeenskapsbehoeftes gehelp het. So byvoorbeeld, het kapelaansvroue van die Vrye Kerke in Simonstad gedurende skoolvakansies die leiding geneem om aktiwiteite met 'n Christelike inslag vir die kinders van Da Gamapark te reël. Daarbenewens was kapelaansvroue ook dikwels betrokke by ouer-onderwyserverenigings, kinderleidinggroepe en kultuurorganisasies.[21]

Dit is van kapelaansvroue verwag om die inisiatief te neem om kontak met burgerlike gemeentes op te bou. Nie alleen is balans tussen die militêre en die burgerlike samelewing hierdeur gehandhaaf nie, maar in hulle kontak met die eggenotes en gemeentes van deeltydse, Burgermag- en Kommandokapelane het Staandemagkapelaansvroue verseker dat daar reeds 'n onderlinge band tussen die vroue bestaan het ten tye van oproepinstruksies. Kapelaansvroue van Burgermag- en Kommando-eenhede het dan ook op streeksvlak by groepsbyeenkomste ingeskakel. Die inskakeling van burgerlike gemeente- en welsynsgroepe by projekte, soos die insameling van boeke, tydskrifte, legkaarte en speletjies vir ontspanningslokale en militêre hospitale, en die wedersydse deelname aan sosiale geleenthede, het begrip en 'n goeie verstandhouding tussen die militêre en burgerlike samelewing gekweek. Kapelaansvroue het as sprekers by burgerlike vroue-organisasies opgetree om hulle bewus te maak van die eiesoortige behoeftes van 'n militêre gemeente, terwyl burgerlike predikantsvroue genooi is om vrouevergaderings in die militêre eenhede te open. Verteenwoordigers van alle burgerlike kerke is jaarliks na 'n teegeleentheid in die militêre opset genooi waar aspekte van die kapelaansdiens toegelig en toekomstige projekte bespreek en terugvoer gegee is. Militêre gemeentes het ook ringskonferensies aangebied. Kort artikels in burgerlike gemeente-inligtingstukke deur, of oor, kapelaanspare het bygedra

21 Die kapelaansvroue SAW, *Die kapelaansvrou...*, p. 10; Anon., "Belangrike taak…", *In Hoc Signo,* 3(6), September 1978, p. 10; Anon., "Kontak 82: Die kapelaansvroue in die Leër", *In Hoc Signo,* 8(3), Desember *s.a.*, p. 9; Anon., "Kontak 82: The chaplain's [sic] wives in the Air Force – 1982", *In Hoc Signo,* 8(3), Desember *s.a.*, pp. 9-10; MM Booysen, "Kerklike werksaamhede – Lenz", *In Hoc Signo,* 6(3), November 1981, p. 7; Anon., "Kontak 82: The chaplain's wife in the Navy", *In Hoc Signo,* 7(2), Julie 1982, p. 7; Anon., "Kontak 82: Die kapelaansvrou in die SAGD", *In Hoc Signo,* 7(2), Julie 1982, p. 7; Anon., "Daarmee is ons besig: Kommandement Witwatersrand", *In Hoc Signo,* 7(2), Julie 1982, p. 6; PRR, *Verslag kapelaansvroue 1989*, pp. 2-8; Anon., "Da Gama Park children's mission", *In Hoc Signo,* 3(6), September 1978, p. 5.

om hulle bediening aan die gewone publiek te verduidelik.[22]

Waar kapelane as medeleraars deel van 'n gekoppelde gemeente gevorm het, het dit, enersyds, meer geleenthede vir kapelaansvroue geskep vir wisselwerking met burgerlike gemeentes en gesamentlike byeenkomste, maar andersyds, was hulle taak as kapelaansvroue minder duidelik uitgestippel en moes hulle dikwels keuses ten opsigte van hulle verantwoordelikhede in beide gemeentes uitoefen. Die riglyn was dat die kapelaansvrou moes dien waar niemand anders haar plek kon inneem nie.[23] Tog het baie kapelaansvroue daarin geslaag om hulle gawes tot voordeel van beide gemeentes te gebruik. In 'n huldeblyk aan me. Hester Ackermann, eggenote van die Direkteur Kapelaansdiens: Leër vanaf 1993 tot 1996, word gewag gemaak van die feit dat sy, naas haar verpligtinge as kapelaansvrou, volledig by die NG-gemeente Pierneef, Pretoria, betrokke was en ook as orrelis-koorleidster meegehelp het om 'n singende gemeente te skep.[24]

'n Belangrike verskil met burgerlike gemeentewerk het die SAKD se denominale bedieningsbeginsel behels, wat interkerklike kontak in die SAW onvermydelik gemaak het. Samewerking op leraarsvlak was nie beperk tot medekerkgenootlike kapelaansvroue nie en, ook in hulle omgang met weermaggesinne, moes kapelaansvroue oor denominale grense heen reik. Moeite is veral gedoen om die kapelaansvroue van kleiner verteenwoordigende denominasies by die werksaamhede in die eenheid, formasie of kommandement te betrek. In die kleiner eenhede het kerklike aktiwiteite selde slegs binne eie gemeentelike verband plaasgevind en interkerklike Bybelstudie en gebedsbyeenkomste het gereeld voorgekom. Daar moes egter te alle tye gewaak word teen inmenging op mekaar se kerklike terreine. Kapelaansvroue het hierdie interdenominale bedieningswyse allerweë as geestelik verruimend ervaar. Veral op streekvlak het kapelaansvroue van verskillende kategorieë en denominasies dikwels saamgekuier tydens tee- of ontbytgeleenthede. Dit het egter nie beteken dat die verskillende weermagdele of denominasies se kapelaansvroue nie ook byeenkomste gehad het nie. Kapelaansvroue van die

22 Die kapelaansvroue SAW, *Die kapelaansvrou*..., pp. 22-24, 86-87; Anon., "Vrystaatse vroue organiseer", *In Hoc Signo*,14(2), November 1988, p. 7; Anon., "'n Paar wenke vir 'n kapelaansvrou: In die Kommando of Burgermag-eenheid", *In Hoc Signo,* 6(3), November 1981, p. 7; Anon., "Daarmee is ons besig: Vroueaksie in Ermelo…", *In Hoc Signo,* 7(1), Maart 1982, p. 10; Anon., "Daarmee is ons besig: Kommandement Witwatersrand", *In Hoc Signo,* 7(2), Julie 1982, p. 6; PRR, *Verslag kapelaansvroue 1989*, p. 4; C Naudé, "Die kapelaansdiens", *Die Boodskapper: Ned. Geref. Gem. Waverley-Oos* 3(5), Junie 1987, pp. 1-2.

23 Die kapelaansvroue SAW, *Die kapelaansvrou*..., pp. 5-7; Onderhoude, R van Rensburg (Kapelaan-generaalsvrou, 1983-1990)/I Bredenkamp (Navorser, UV), Pretoria, 5 Augustus 2012 en 22 Oktober 2012.

24 Pierneef NG-gemeente, "Die tweede kwarteeu: Die bruid maak haar gereed" (beskikbaaar by: http://www.ngkpierneef.co.za/Feesblad.htm, soos gelees op 3 Junie 2013).

Vrye Kerke in Simonstad het gereeld in denominale verband sosiaal verkeer en, byvoorbeeld, in 1981 'n modevertoning met 'n boodskap oor innerlike skoonheid onder leiding van me. Maureen Wood aangebied. Ook die eggenotes van Lugmagkapelane het sedert Maart 1981 gereeld vergader en, onder andere, ook besin oor hulle bydrae tot die doeltreffendheid van die Lugmagdamesvereniging.[25]

Nuwe kapelaansvroue moes so gou moontlik per oproep, besoek of 'n briefie verwelkom en by die werksaamhede in die militêre opset betrek word. Moeite is veral ná 1977 gedoen om kontak met Nasionale Diensplig kapelane se eggenotes te behou. Dit was SAKD-beleid om in die jaar voordat voornemende Diensplig kapelane by die weermag sou aansluit, kontak met hulle en hulle vrouens of verloofdes te maak. Lede van die Kapelaanshoofkwartier en die Kapelaansvrouekomitee[26] het die onderskeie teologiese skole by universitieite besoek, inligting oor die omstandighede binne die militêre konteks verskaf en vrae beantwoord. Die dames het gewoonlik ná 'n algemene inligtingsessie apart vergader en, sedert 1982, is 'n eksemplaar van die kapelaansvrouehandleiding aan elkeen van die Diensplig kapelane se vrouens en verloofdes oorhandig. Aangesien Diensplig kapelane gewoonlik nie in die eenheid gewoon het nie, hulle vrouens soms gewerk het en hulle dikwels ook 'n klein kindjie gehad het, was dit die plig van die Staandemagkapelaansvrou om die Diensplig kapelaansvrou welkom te laat voel en na haar huis en na byeenkomste in die militêre eenheid te nooi.[27] As die eggenote van 'n Diensplig kapelaan by 3 SAI Bataljon, Potchefstroom, getuig me. Ida Meiring dan ook dat moeite gedoen is om haar tuis te laat voel en om hulle as Diensplig kapelaanspaar te betrek by die kapelaanswerk in die eenheid. Sy was nie verplig om aan die Weermagdamesvereniging te behoort nie en daar is ook nie van haar verwag om verantwoordelikheid vir vroue-aksies te neem nie. Laasgenoemde was die verantwoordelikheid van die Staandemagkapelaansvroue. Daar was heelwat

25 Die kapelaansvroue SAW, *Die kapelaansvrou*..., pp. 16-17, 22; Anon., "Kontak 82: The chaplain's [sic] wives in the Air Force – 1982", *In Hoc Signo,* 8(3), Desember *s.a.*, p. 9; Anon., "Kapelaansvroue stel hul Melita…", *Paratus*, Julie 1982, p. 93; Anon., "Quarterly Chaplains' wives meeting – Pretoria", *In Hoc Signo,* 11(3), September 1985, p. 6; Anon., "Chaplains' wives get together", *In Hoc Signo,* 12(2), Junie 1986, p. 7; Anon., "Fashion show with a difference", *In Hoc Signo,* 6(2), Julie 1981, p. 9; Anon., "Kontak 82: The chaplain's wife in the Navy", *In Hoc Signo,* 7(2), Julie 1982, p. 7; Anon., "Daarmee is ons besig: Aangename kennis", *In Hoc Signo,* 7(2), Julie 1982, p. 7.

26 Sien p. 16, *infra*.

27 SG van Niekerk, *The history, role…*, p. 224; Anon., "Vroue van toekomstige diensplig kapelane kom bymekaar", *In Hoc Signo,* 7(1), Maart 1982, p. 7; Anon., "Nuusbrokkies", *In Hoc Signo,* 8(3), Desember *s.a.*, p. 8; Anon., "Kontak 82: Die kapelaansvroue in die Leër", *In Hoc Signo,* 8(3), Desember *s.a.*, pp. 9-10; Anon., "Kontak 82: The chaplain's [sic] wives in the Air Force – 1982", *In Hoc Signo,* 8(3), Desember *s.a.*, p. 9; Die kapelaansvroue SAW, *Die kapelaansvrou*..., pp. 34-35.

sosiale geleenthede en hulle het dikwels oor en weer gekuier en saam geëet. Sy het ook waardering vir die feit dat die Kapelaan-generaal self, tydens 'n besoek aan die eenheid, moeite gedoen het om persoonlik met haar te gesels en navraag te doen oor moontlike probleme. Die welwillendheid teenoor Dienspligkapelane se gesinne is deur me. Elfriede Boshoff beaam, wat saam met haar man vir 'n groot deel van sy dienspligjare in die operasionele gebied in die noorde van Suidwes-Afrika (vandag Namibië) gestasioneer was. Op hulle beurt het Dienspligkapelaansvroue by die werksaamhede van die kapelaansbediening ingeskakel en, sover moontlik, Staandemagkapelaansvroue in die uitvoering van hulle pligte ondersteun.[28]

Kapelaansvroue het saam met hulle eggenote verantwoordelikheid vir die algemene geestelike welsyn in die weermageenhede aanvaar en persoonlike kontak en besoeke het 'n wesenlike deel van hulle bediening uitgemaak. Omdat almal in 'n weermageenheid nie noodwendig gelowiges was nie, moes kapelaansvroue bereid wees om buite die grense van die geloofsgemeenskap te beweeg. In hulle kontak met weermaggesinne moes hulle op persoonlike en gesinsprobleme bedag wees. Goeie betrekkinge met die siekeboegpersoneel, die welsynsoffisier en die Regiment-sersant-majoor (RSM) se vrou – as skakel met die adjudant- en onderoffisiersvroue – het dikwels daarvoor gesorg dat geringer maatskaplike probleme vinnig aandag kon geniet. Probleme van 'n gespesialiseerde aard is na die skoolsielkundige, die welsynsoffisier, die geneesheer, die kapelaan self of die bevelvoerder verwys. Hospitaalbesoeke, veral ook ter bemoediging van diegene wat in die siekeboeg behandel is, het deel van die kapelaansvrou se bediening uitgemaak. Kapelaansvroue het gehelp met die verspreiding van geestelike lektuur in die hospitale en, totdat Nasionale Dienspligkapelane vir dié taak ingespan is, het hulle pasiënte wat geestelike hulp benodig het, onder die hospitaalkapelane se aandag gebring.[29]

Normaalweg kuier gemeenskappe nie vrylik by die pastorie nie en in die militêre konteks het die SAW-rangstruktuur dikwels weermagvroue daarvan weerhou om eerste kontak met die pastoriepaar te maak. Dit was dus die

28 Onderhoud, I Meiring (voormalige Nasionale Dienspligkapelaansvrou)/I Bredenkamp (Navorser, UV), Bloemfontein, 18 Junie 2013; Onderhoud E Boshoff (voormalige Nasionale Dienspligkapelaansvrou)/I Bredenkamp (Navorser, UV), Pretoria, 22 Oktober 2012; Anon., "Kontak 82: The chaplain's [sic] wives in the Air Force – 1982", *In Hoc Signo,* 8(3), Desember *s.a.*, p. 10; Anon., "Kersfeesaksie 1983", *In Hoc Signo,* 9(3), Desember 1983, p. 7.

29 Die kapelaansvroue SAW, *Die kapelaansvrou*..., pp. 10-11, 13-14, 17; PRR, *Die kapelaansvroue: Geskiedkundige oorsig*, p. 2; PRR, *Geskiedenis van die Weermagdamesverenigng/History of the Defence Force Ladies Association*, p. 15; Anon., "Daarmee is ons besig: Bloemfontein", *In Hoc Signo,* 7(1), Maart 1982, p. 7; Onderhoude, R van Rensburg (Kapelaan-generaalsvrou, 1983-1990)/I Bredenkamp (Navorser, UV), Pretoria, 5 Augustus 2012 en 22 Oktober 2012.

kapelaansvrou se taak om met gasvryheid die pastoriedeure wyd oop te maak; ook jeens anderskleuriges wat in die eenheid werksaam was. Me. Ria van Rensburg verhaal dat die kapelaanspaar nie noodwendig sonder meer in die eenheid aanvaar is nie. In baie gevalle moes hulle eers bewys lewer van hulle goeie trou. Tog getuig al die respondente van die onderlinge vriendskapbande wat gesmee is en dat die vroue in die eenheid soos een groot familie geword het. Hierdie vriendskapsbande was as ondersteuningsbasis in die eenheid onvervangbaar. Spanwerk was 'n prioriteit en, aangesien die kapelaansvrou nie alleen aan al die verwagtinge rondom haar posisie in die militêre konteks kon voldoen nie, was dit juis in hierdie spanwerk dat sy haar belangrikste ondersteuningsbron gevind het. Me. Lizette Cornelissen, Kapelaan-generaalsvrou vanaf 2004 tot 2011, wys daarop dat die vriendskapsbande wat in eenhede gesmee is, behoue gebly het selfs nadat bande met die weermag as werksomgewing lankal verbreek was.[30]

Kapelaansvroue het, in samewerking met die SAKD, dikwels as gasvroue vir besoekers uit hulle denominasies opgetree. Tydens hierdie geleenthede is die gaste op verversings getrakteer en oor aspekte van die kapelaansdiens ingelig. Eggenotes van die Pinksterkerke se moderamen, die damesverenigingsvoorsitters en die lidkerkafgevaardigdes is op 1 April 1985 deur me. Charity Brits, eggenote van die Pinksterkerke se skakelkapelaan, by die Waterkloof-lugmagbasis ontvang. Die sowat 36 dames wat die geleentheid bygewoon het, het per bus 'n besoek aan Voortrekkerhoogte (vandag bekend as Thaba Tshwane) gebring waar hulle oor die werksaamhede van kapelaansvroue ingelig is. 'n Soortgelyke geleentheid vir die eggenotes van die NG Kerk se Algemene Sinode het op 20 Oktober 1982 plaasgevind. Ongeveer 160 dames van oor die hele land is deur me. Elsa van Zyl, eggenote van die Kapelaan-generaal, verwelkom en onthaal. Die dames is toegespreek oor die voorsiening van geestelike lektuur aan jong dienspligtiges en hulle kon ook 'n uitstalling oor die kapelaansdiens besigtig. Op hierdie wyse is welwillendheid en begrip vir die militêre konteks gekweek.[31]

'n Kwessie wat deurgaans op die voorgrond op alle vlakke in die SAW was, was onderskraging van die jong Nasionale Diensplig soldaat. Die kerk was

30 Onderhoude, R van Rensburg (Kapelaan-generaalsvrou, 1983-1990)/I Bredenkamp (Navorser, UV), Pretoria, 5 Augustus 2012 en 22 Oktober 2012; Onderhoud, Lizette Cornelissen (Kapelaan-generaalsvrou, 2004-2011)/ I Bredenkamp (Navorser, UV), Bloemfontein, 12 Julie 2013; Anon., "Kapelaansvroue stel hul Melita…", *Paratus*, Julie 1982, p. 93; Die kapelaansvroue SAW, *Die kapelaansvrou...*, pp. 17-18.

31 Anon.., "Pinksterdames byeen", *In Hoc Signo,* 11(3), September 1985, p. 6; Anon., "Vrouedag deur Kapelaan-generaal aangebied", *In Hoc Signo,* 8(3), Desember *s.a.*, p. 5; Anon., "Women's group from Warmbaths visits Melita", *In Hoc Signo,* 12(3), November 1986, p. 10; PRR, *Verslag kapelaansvroue 1989*, p. 4.

dikwels vir hulle die enigste bekende baken in die nuwe militêre omgewing en dit was die kapelaanspaar se taak om 'n geestelike tuiste vir hulle te skep. Kapelaansvroue het gemeentelede, ook dié in burgerlike gemeentes, aangemoedig om Nasionale Diensplig tiges na hulle huise te nooi en te betrek by jeugbyeenkomste. Behalwe tee en verversings Sondagaande na die aanddiens, is vrugtefeeste, filmvertonings, konserte, etes en kampe vir Nasionale Diensplig tiges aangebied. Voor hulle na die grens vertrek het, het hulle dikwels ook geskenkpakkies ontvang. Hierdie geleenthede is danksy skakeling tussen die verskillende gemeentes en die Kapelaanskantoor moontlik gemaak. Kapelaansvroue het ook moeite gedoen om tydens innames, kerkbesoeke en ouerdae kontak met die Nasionele Diensplig tiges se ouers te maak.[32]

Die kapelaansvrou as offisiersvrou

Die unieke aard van die militêre gemeente het nie alleen eise aan kapelaansvroue as predikantsvroue gestel nie, maar daar is ook sekere verwagtinge van hulle as offisiersvroue gekoester. Met hulle eggenote se diensaanvaarding as kapelane, moes hulle, soos talle ander Staandemagvroue, hul weg deur 'n vreemde milieu van range, protokol en etiket baan en is faktore soos afwesigheid weens grensdiens hulle gesinne nie gespaar nie. Aangesien die omstandighede binne die militêre konteks oorweldigend kon wees, was dit belangrik dat kapelaansvroue van meet af bewus moes wees van die aard van hulle eggenote se militêre werksomgewing en van die verwagtinge in dié verband. Die vertroulikheid van inligting moes gerespekteer word en, hoewel kapelaansvroue per geleentheid die kapelaanskantoor mag besoek, kon hulle nie vrylik in die militêre eenhede rondbeweeg of hulle met hulle eggenote se werksaamhede inmeng nie. Tydens militêre geleenthede moes hulle hul eggenote vergesel en voldoen aan die militêre etiket en gedragskodes van die betrokke geleentheid.[33]

32 Anon.., "Belangrike taak…", *In Hoc Signo,* 3(6), September 1978, p. 10; Die kapelaansvroue SAW, *Die kapelaansvrou*..., pp. 11-12; Anon., "Kontak 82: Die kapelaansvroue in die Leër", *In Hoc Signo,* 8(3), Desember *s.a.*, p. 9; Anon., "Daarmee is ons besig: Kerk steek hand uit na diensplig tiges, Kroonstad", *In Hoc Signo,* 7(1), Maart 1982, pp. 6-7; Anon., "'n Paar wenke vir 'n kapelaansvrou: In die gemeente", *In Hoc Signo,* 6(3), November 1981, p. 7; Anon., "Daarmee is ons besig: Vroueaksie in Ermelo gee aandag aan gesinne van diensplig tiges", *In Hoc Signo,* 7(1), Maart 1982, p. 10; PRR, *Verslag kapelaansvroue 1989*, p. 6.

33 Die kapelaansvroue SAW, *Die kapelaansvrou*..., pp. 3, 18, 140; W de Vos, "Ria Naude [sic]: 'n Vrou tot beskikking van die Here", *Die Voorligter*, Mei 1990, p. 42; Onderhoude, R van Rensburg (Kapelaan-generaalsvrou, 1983-1990)/I Bredenkamp (Navorser, UV), Pretoria, 5 Augustus 2012 en 22 Oktober 2012.

Dit is van elke weermagvrou, insluitende die Staandemagkapelaansvrou, verwag om by die SAW se Weermagdamesvereniging in te skakel en betrokke te wees by die geleenthede en aksies wat in die formasie, kommandement en eenheid geloods is. Die Weermagdamesvereniging het as 'n sambreelorganisasie vir die verskillende weermagdele se damesvereningings gedien en het in 1970 onder leiding van me. GM (Gertie) Hiemstra, eggenote van die Hoof van die SAW (1966-1972), tot stand gekom. Elkeen van die damesverenigings het 'n eie bestuur gehad en die voorsitters – gewoonlik die eggenote van die hoof van die betrokke weermagdeel – het sitting op die Sentrale Bestuur van die Weermagdamesvereniging gehad. In 1980 is die Sentrale Bestuur uitgebrei om die eggenotes van die Geneesheer-generaal en die Kapelaan-generaal in te sluit. Die doelstellings van die Weermagdamesvereniging is ook na die verskillende weermagdele se damesverenigings afgewentel, te wete sosiale welwillendheid, dienslewering op verskillende maatskaplike terreine en daadwerklike onderskraging van Staandemaglede en Nasionale Diensplig soldate.[34]

Kapelaansvroue het sedert die vroeë tagtigerjare uit hoofde van hulle posisie op die bestuur van die weermagdele se damesverenigings gedien en 'n leidende aandeel in die beplanning en uitvoering van die aktiwiteite geneem. In afskeidsboodskappe aan me. Rietjie Naudé, eggenote van die Bevelskapelaan, SAGD Mediese Opleidingskommandement, 1982-1984, en me. Jeanne Roelofse, eggenote van die Kommandementskapelaan, Westelike Provinsie, 1969-1985, word dan ook verwys na die diens wat hulle as komiteelede gelewer het. As Kommandement-kapelaansvrou, het me. Roelofse ook op die Breëbestuur van die Westelike Provinsie-damesvereniging gedien en het sy verantwoordelikheid aanvaar vir alle reëlings rondom die werksaamhede, opleidingskursusse en konferensies van die Westelike Provinsie-kommandement se Leërkapelaansvroue. Daarbenewens, het kapelaansvroue ook dikwels as bestuurslede in die breër gemeenskap gedien.[35] Deelname aan die damesverenigings het aan die kapelaansvrou die geleentheid gebied om vriendskapsbande te smee, sosiaal gesellig saam te werk ter ondersteuning van welsynsaksies en om insig in en begrip vir die leefwêreld van die weermagvrou

34 PRR, *Geskiedenis van die Weermagdamesverenigng/History of the Defence Force Ladies Association*, pp. 1, 8, 22; Die kapelaansvroue SAW, *Die kapelaansvrou...*, pp. 18-19, 30.

35 Me. Naudé het vir etlike jare ook op die Hoofbestuur van die NG Kerk se Sinodale Vroueaksie gedien, terwyl me. Roelofse ook op die Crèche-komitee van 2 Militêre Hospitaal, die Suid-Skiereilandse Hospitaalraad en die komitee van die Magdalena-huis vir ongehude moeders gedien het, 'n duidelike bewys van die diverse aard van hulle betrokkenheid en diensvaardigheid. Anon., "Tot siens Rietjie Naude [sic]", *In Hoc Signo,* 10(1), Mei 1984, p. 8; Anon., "Jeanne Roelofse", *In Hoc Signo,* 11(3), September 1985, p. 6.

te verkry; tot so 'n mate dat al die respondente die weermagvrou beskryf het as 'n spesiale vrou met 'n innerlike krag vir wie se deursettingsvermoë en bereidwilligheid om op te offer, hulle net die hoogste agting het.[36]

Een van die hoofverwagtinge van die kapelaansvrou as offisiersvrou was gesetel in die verhouding waarin sy tot die eenheid se bevelvoerdersvrou gestaan het. Die bevelvoerdersvrou het haarself dikwels in 'n eensame posisie bevind as gevolg van haar man se rang, en daar is van kapelaansvroue verwag om haar te ondersteun en 'n vertrouensverhouding met haar op te bou. Dit het behels dat hulle die bevelvoerdersvrou onvoorwaardelik as leidster moes aanvaar, lojaliteit en agting teenoor haar betoon, haar altyd in die openbaar korrek aanspreek, en nie betrokke raak in twisgesprekke nie. Omdat die Staandemagsoldaat se vrou dikwels onder druk was, moes die bevelvoerders- en kapelaansvroue positief en rigtinggewend in die militêre eenheid optree. Op administratiewe vlak het hulle gesamentlik die jaarprogram van die Weermagdamesvereniging en die gemeentes beplan ten opsigte van uitstappies, gesinsaande, fondsinsamelings, Bybelstudie- en skolingsgeleenthede. Hulle was ook gesamentlik verantwoordelik vir die ontwerp van 'n stelsel waardeur die weermagvroue mekaar kon inlig van vergaderings, verjaarsdae, belangrike gebeurtenisse, siekte en grensdiensontwrigting. Die wedersydse goeie gesindheid in hierdie verhouding spreek duidelik uit 'n bedankingswoord wat kapelaansvroue tot die eggenotes van bevelvoerders gerig het met betrekking tot hulle belangstelling in en hulpverlening met die reël van kapelaanvrouekonferensies in die onderskeie kommandemente.[37]

Die eerste byeenkoms van Staandemagkapelaansvroue het op 2 Desember 1969 te Pretoria plaasgevind, en het met Staandemagkapelane se tweejaarlikse konferensie saamgeval. Dit was die eerste van verskeie byeenkomste wat hierna gevolg het – gewoonlik tydens die SAKD se gebieds- en nasionale konferensies. Kapelaansvrouekonferensies was daarop gerig om geleenthede te skep waar

36 Die kapelaansvroue SAW, *Die kapelaansvrou...*, pp. 18, 24, 30; PRR, *Geskiedenis van die Weermagdamesverenigng/ History of the Defence Force Ladies Association*, p. 19; PRR, *Verslag kapelaansvroue 1989*, p. 2; PRR, *'n Oorsig oor die aktiwiteite van die Kapelaansvrouekomitee vanaf 1 Mei 1983-30 November 1990*, D8; Anon., "Kontak 82: Die kapelaansvroue in die Leër", *In Hoc Signo,* 8(3), Desember *s.a.*, p. 9; Anon., "Kontak 82: The chaplain's [sic] wives in the Air Force", *In Hoc Signo,* 8(3), Desember *s.a.*, p. 9; Anon., "Kontak 82: Die kapelaansvrou in die SAGD", *In Hoc Signo,* 7(2), Julie 1982, p. 7; Anon., "Tot siens Rietjie Naude [sic]", *In Hoc Signo,* 10(1), Mei 1984, p. 8; Anon., "Jeanne Roelofse", *In Hoc Signo,* 11(3), September 1985, p. 6.

37 Die kapelaansvroue SAW, *Die kapelaansvrou...*, pp. 19-22, 28-31; Anon., "Daarmee is ons besig: Aangename kennis", *In Hoc Signo,* 7(2), Julie 1982, p. 7; Anon., "Kontak 82: Die kapelaansvroue in die Leër", *In Hoc Signo,* 8(3), Desember *s.a.*, p. 9; Anon., "Nuus uit SWA: Kapelaansvroue hou konferensie", *In Hoc Signo,* 7(2), Julie 1982, p. 8; Onderhoude, R van Rensburg (Kapelaan-generaalsvrou, 1983-1990)/I Bredenkamp (Navorser, UV), Pretoria, 5 Augustus 2012 en 22 Oktober 2012; Anon., "Meer as 200 kapelaansvroue by konferensies", *In Hoc Signo,* 6(3), November 1981, p. 6.

kapelaansvroue mekaar persoonlik kon leer ken en gesamentlik kon besin oor hulle rol en taak binne die SAW. So byvoorbeeld, het me. Phayama, Hoof van Maatskaplike Werk in Mamelodi, kapelaansvroue in Junie 1977 ingelig oor die verskillende fasette van menseverhoudinge, terwyl me. S Meiring die vrou as eggenoot en me. R Pauw die kwessie van vroue en kerklidmaatskap hanteer het. Terugvoer oor die waarde van kapelaansvrouebyeenkomste was deurgaans positief en gedurende 1981 is agt konferensies landwyd in die verskillende Leërkommandemente vir alle kategorieë kapelaansvroue aangebied.[38] Kapelaansvrouekonferensies op streekvlak is soms deur 'n gebrek aan fondse in die wiele gery.[39]

Aanvanklik het hierdie byeenkomste die taak van kapelaansvroue gerig. Gaandeweg het die behoefte aan groter samewerking tussen die verskillende weermagdele se kapelaansvroue egter duidelik geword en op 26 Februarie 1976 is die Kapelaansvrouekomitee gestig. Die komitee het bestaan uit die eggenotes van die topstruktuur van die SAKD onder voorsitterskap van die Kapelaan-generaal se vrou. Eenstemmigheid is verkry dat daar nie 'n aparte damesvereniging vir kapelaansvroue gestig moes word nie, maar dat die taak en rol van kapelaansvroue binne die konteks van die onderskeie weermagdele se damesverenigings moes geskied. Die Kapelaansvrouekomitee sou net die werksaamhede van die verskillende weermagdele se kapelaansvroue koördineer. Onder leiding van die Kapelaansvrouekomitee is verskeie projekte van stapel gestuur waardeur kapelaansvroue as 'n hulpdiens vir die kapelaansbediening opgetree en aan spesifieke behoeftes in die SAW voldoen het. Inligting is deur middel van 'n vrouerubriek in die amptelike publikasie van die SAKD, *In Hoc Signo,*, aan kapelaansvroue deurgegee.[40] Hierdie projekte het nie alleen die kapelaansbediening verruim nie, maar was van onskatbare waarde in die

38 Die kapelaansvroue SAW, *Die kapelaansvrou*..., p. 124; SG van Niekerk, *The history, role*…, pp. 221, 223-224; PRR, *Die kapelaansvroue: Geskiedkundige oorsig*, pp. 1, 5; PRR, *Geskiedenis van die Weermagdamesvereniging/ History of the Defence Force Ladies Association*, pp. 8, 25; Anon., "Meer as 200 kapelaansvroue…, *In Hoc Signo,* 6(3), November 1981, p. 6; Anon., "Natal Command: Chaplains conference 10 Sept 1981", *In Hoc Signo,*, 7(1), Maart 1982, p. 11; Anon., "Kapelaansvroue sê dankie en tot siens", *In Hoc Signo,*, 9(1), Junie 1983, p. 8; E Linde, "Transvaalse kapelaansvroue-konferensie", *In Hoc Signo,* 14(1), Mei 1988, p. 7; PRR, Omsendbrief R Naudé/Kapelaansvroue, Maart 1988. Me. Phayama se voorletters is nie bekend nie.

39 Vergelyk in dié verband die Transvaalse kapelaansvroue wat vir etlike jare nie byeen kon kom nie as gevolg van 'n gebrek aan fondse. E Linde, "Transvaalse kapelaansvroue-konferensie", *In Hoc Signo,* 14(1), Mei 1988, p. 7.

40 Die kapelaansvroue SAW, *Die kapelaansvrou*..., pp. 124-128; PRR, *Geskiedenis van die Weermagdamesvereniging/ History of the Defence Force Ladies Association*, p. 13; PRR, *Die kapelaansvroue: Geskiedkundige oorsig*, pp. 1-2, 6; SG van Niekerk, *The history, role*…, p. 223; Onderhoude, R van Rensburg (Kapelaan-generaalsvrou, 1983-1990)/I Bredenkamp (Navorser, UV), Pretoria, 5 Augustus 2012 en 22 Oktober 2012. Die eerste komitee het bestaan uit me. Elsa van Zyl (voorsitter, eggenote van die Kapelaan-generaal), me. Rika van der Walt (eggenote van die Adjunkkapelaan-generaal), me. Hannah de Kock (Leër), me. Eunice van den Aardweg (Lugmag), me. Jean Pretorius (Vloot), me. Pauline Potgieter (Opleiding), me. Fransie Meintjies (Logistiek) en me. M Dreyer (sekretaresse).

breër SAW-opset, ook ten opsigte van die besparing van staatsfondse. Die projekte het ingesluit 'n aksie om kerspakkies aan die vroue en kinders van Staandemaglede wat in die operasionele gebied gestasioneer was, te stuur; die Hannah-gebedsirkel wat in 1979 die lig gesien het; die Melita-tuiste vir besoekende naasbestaandes van siek en gewonde soldate in 1 Militêre Hospitaal; en die koffiekamerprojek.[41]

Ten einde groter solidariteit onder kapelaansvroue te vestig, het die Kapelaansvrouekomitee sedert 1982 alle Staandemagkapelaansvroue van 'n naamspeldjie voorsien wat volgens die *In Hoc Signo*-teken ontwerp is. Kapelaansvroue het hierdie naamspeldjies tydens funksies gedra en sodoende kon hulle maklik tussen ander dames uitgeken word. 'n Eie embleem vir groetekaartjies is ook ontwikkel. Dit het die kapelaanskenteken as agtergrond gehad met 'n vrouefiguur in die middel.[42] Van tyd tot tyd is daar ook kursusse vir kapelaansvroue aangebied waartydens hulle lesings ontvang het en besprekings gevoer is oor die rol van die vrou in die militêre kerklike bediening. Die kursusse het nie alleen kapelaansvroue gemotiveer om as 'n hulpdiens vir die kapelaansbediening op te tree nie, maar hulle ook toegerus vir die taak. Die eerste van hierdie kursusse het by Voortrekkerhoogte, Pretoria, vanaf 26-28 September 1978 plaasgevind en is deur 38 dames bygewoon. Die kursus is vanaf 24-26 Oktober 1978 in Kaapstad herhaal. Kursusse is dikwels in Kommandementverband aangebied.[43] 'n Besondere mylpaal was die publikasie van 'n handleiding in 1982 om kapelaansvroue toe te rus vir hulle taak en hulle in te lig oor die praktiese aspekte van 'n bediening binne 'n militêre opset. Elke kapelaansvrou het 'n eksemplaar ontvang en daar is ook 'n eksemplaar in die argief van elke damesvereniging onder die sambreel van die Weermagdamesvereniging geplaas. Hierdie publikasie het vanuit alle oorde

41 SG van Niekerk, *The history, role…*, pp. 223-225; Die kapelaansvroue SAW, *Die kapelaansvrou*..., pp. 127-128; Anon., "Hannahgebedskring: Kapelaansvroue verenig in gebed", *In Hoc Signo,* 6(1), Maart 1981, p. 5; Anon., "Kapelaansvroue gee geskenke", *Paratus*, Maart 1982, p. 75; Anon., "Kapelaansvroue skep noodhuisvesting", *In Hoc Signo,* 5(2), Junie 1980, p. 3; PRR, *Die kapelaansvroue: Geskiedkundige oorsig*, p. 20; Onderhoud G Jordaan (Kapelaan-generaalsvrou, 1990-1994)/I Bredenkamp (Navorser, UV), Pretoria, 8 Julie 2013 en telefoongesprek, 15 Januarie 2014.

42 Anon., "Nuus-brokkies: Naamplaatjies", *In Hoc Signo,* 7(2), Julie 1982, p. 6; Foto: "Vroue ontvang naamplaatjies", *In Hoc Signo,* 8(3), Desember 1982; Anon., "Eie naamspeldjies vir Kapelaansvrouekomitee", *Paratus*, Julie 1982 p. 102; Anon., "Kapelaansvroue sê dankie en tot siens", *In Hoc Signo,* 9(1), Junie 1983, p. 8; PRR, *Die kapelaansvroue: Geskiedkundige oorsig*, p. 5; Onderhoude, R van Rensburg (Kapelaan-generaalsvrou, 1983-1990)/I Bredenkamp (Navorser, UV), Pretoria, 5 Augustus 2012 en 22 Oktober 2012.

43 Anon., "Kapelaansvrouens woon kursus by", *In Hoc Signo,* 3(6), September 1978, p. 5; Anon., "Daarmee is ons besig: Kommandement Witwatersrand", *In Hoc Signo,* 7(2), Julie 1982, p. 6; PRR, *Die kapelaansvroue: Geskiedkundige oorsig*, p. 2; PRR, Omsendbrief R Naudé/Kapelaansvroue, Maart 1988; Die kapelaansvroue SAW, *Die kapelaansvrou*..., p. 114.

groot waardering ontvang.[44]

'n Ander belangrike publikasie wat uit die pennevrug van kapelaansvroue ontstaan het, was die bundel getiteld *Net maar 'n woord/Just a word*. Dit het kort, geestelike boodskappe ter onderskraging van die alleenvrou wie se man grensdiens moes verrig bevat en is gratis in die SAW deur middel van die Kommandement-kapelaansvroue versprei.[45] Hoewel vroue in die burgerlike lewe ook geraak is, was dit veral Staandemaglede se vroue wat vir lang periodes sonder hul eggenote moes klaarkom. Oproepinstruksies het gewoonlik ook weinig tyd vir die tref van alternatiewe reëlings gelaat. Vroue se verantwoordelikhede tuis het vermeerder, terwyl daar altyd 'n mate van onsekerheid en spanning geheers het. Hoewel die kapelaansvrou ook dikwels sonder haar eggenoot moes klaarkom, het voorbidding en besoeke aan die alleenvrou deel van haar gemeentebediening gevorm. Alleenvroue moes aangemoedig word om by die geestelike en sosiale aksies in die eenheid betrokke te raak. Die kapelaansvrou het dikwels ook praktiese ondersteuning gebied met uitnodigings na die pastorie, die neem van blomme en geestelike leesstof, en die reël van kinderoppassers ten einde die alleenvrou ruimte te gee vir 'n inkopie-uitstappie of die bereddering van 'n huishoudelike krisis.[46]

Die kapelaansvrouehandleiding stel dit duidelik dat die bekwame kapelaansvrou goed ingelig moet wees, 'n voorbeeld moet stel, deelnemend en aktief betrokke moet wees, dat sy ingestel moet wees op die behoeftes rondom haar, dat sy moet belangstel, veral in die Dienspligsoldaat en die alleenvrou, en dat daar op haar leierskap, entoesiasme en meelewing gereken word.[47] Tydens gesprekke met respondente oor die aard van die kapelaansvrou se bediening, was "toewyding" sekerlik die kenmerk wat die meeste op die voorgrond getree het. In hierdie verband kan kennis geneem word van Jean Said Makdisi se

44 PRR, *Die kapelaansvroue: Geskiedkundige oorsig*, pp. 3-4; SG van Niekerk, *The history, role…*, p. 225; Anon., "Vroue se boek verskyn", *In Hoc Signo,* 8(3), Desember 1982, p. 10.

45 PRR, *Die kapelaansvroue: Geskiedkundige oorsig*, p. 4; PRR, *Geskiedenis van die Weermagdamesverenigng/ History of the Defence Force Ladies Association*, pp. 22-23; PRR, "'n Oorsig oor die aktiwiteite van die Kapelaansvrouekomitee vanaf 1 Mei 1983 – 30 November 1990"; Anon., "Nuus-brokkies", *In Hoc Signo,* 7(1), Maart 1982, p. 6.

46 L Barnard, "Life on the border: A socio/historic study of the members of the South African Air Force during the 'Bush War', 1966-1989", *Journal for Contemporary Studies,* 27(1), April 2002, pp. 40-41; Die kapelaansvroue SAW, *Die kapelaansvrou*..., pp. 10-13; PRR, R Naudé, *Die vrou op die tuisfront*, pp. 1-4; Anon., "Belangrike taak…", *In Hoc Signo,* 3(6), September 1978, p. 10; W de Vos, "Portret van 'n vrou…" *Die Voorligter*, Mei 1990, p. 42; C Boshoff, "Wêreld vol slaggate vir grens-'weduwees'", *Die Vaderland*, 26 April 1982, p. 13; G Middelberg, H la Grange & A Nel, "Vrou moet die diensplig van man aanvaar", *Hoofstad*, 22 Julie 1980, p. 15; Onderhoude, R van Rensburg (Kapelaan-generaalsvrou, 1983-1990)/I Bredenkamp (Navorser, UV), Pretoria, 5 Augustus 2012 en 22 Oktober 2012; Onderhoud, I Meiring (voormalige Nasionale Dienspligkapelaansvrou)/I Bredenkamp (Navorser, UV), Bloemfontein, 18 Junie 2013.

47 Die kapelaansvroue SAW, *Die kapelaansvrou*..., p. 24.

waarneming dat die twintigste-eeuse vrou 'n idealistiese verwagting gehad het wat haar laat glo het dat sy die wêreld in 'n beter plek kan verander, en wat haar minder geneigd tot sinisme gemaak het as in die geval van die vrou van die een-en-twintigste eeu.[48] Daarbenewens is kapelaansvroue gemotiveer deur 'n sterk patriotiese, Christelik-nasionale tydsgees[49] wat duidelik spreek uit die woorde van me. Ristie Viljoen, eggenote van die Hoof van die SAW (1980-1985), wanneer sy in die voorwoord tot die kapelaansvrouehandleiding kapelaansvroue aanmoedig om hulle opdrag met durf, deursettingsvermoë, entoesiasme en blymoedigheid uit te voer in die wete dat hulle nie net in diens van die vaderland staan nie, maar bowe-al in diens van God as Meester.[50]

'n Nuwe bedeling

Die Weermagdamesvereniging beskou die jaar 1989 as 'n waterskeidingsjaar. Nie alleen is die Grensoorlog beëindig en alle aksies in die operasionele gebied afgesluit nie, maar dit het ook die onderhandelinge vir 'n demokraties-verkose regering in die Republiek van Suid-Afrika ingelei. Die gepaardgaande verskuiwings en ontbindings van militêre eenhede het ook sy merk op die damesverenigings in die SAW gelaat.[51] Onder leiding van die Kapelaansvrouekomitee het kapelaansvroue gedurende hierdie oorgangstydperk geleenthede aangebied waartydens meningsvormers in die swart vrouegemeenskap oor die werksaamhede van die SAKD ingelig is.[52] Me. Ria Naudé skryf dat die kapelaansvroue deurgaans hulle verantwoordelikhede met 'n besondere sensitiwiteit vir die eise van elke fase nagekom het, en dat sy 'n diepe waardering vir hulle entoesiasme, lojaliteit en onvermoeide ywer het.[53]

In Desember 1990 het genl.-maj. (ds). RP Jordaan die leisels as Kapelaan-generaal oorgeneem. Vir die volgende vier jaar was dit sy en sy vrou, me. Grietjie Jordaan, se taak om die SAKD vir 'n multi-kulturele bedieningsbenadering te

48 JS Makdisi, "Open space war and peace: Reflections of a feminist", *Feminist Review* 88, 2008, p. 104.
49 Vergelyk H Giliomee, *Die laaste Afrikaner-leiers: 'n Opperste toets van mag* (Kaapstad, Tafelberg, 2012), pp. 148-149; PRR, *Geskiedenis van die Weermagdamesverenigng/History of the Defence Force Ladies Association*, pp. 27, 29- 30, 32-33, 35; T Vorster, "Wees slaggereed op die tuisfront!", *Paratus (Bylaag)* 29(7), Julie 1978, p. iv.
50 Die kapelaansvroue SAW, *Die kapelaansvrou*..., Voorwoord.
51 PRR, *Geskiedenis van die Weermagdamesverenigng/History of the Defence Force Ladies Association*, pp. 38-39.
52 PRR, "'n Oorsig oor die aktiwiteite van die Kapelaansvrouekomitee vanaf 1 Mei 1983 – 30 November 1990", A; PRR Brief Me. R Naudé/Kapelaansvroue, 10 Februarie 1990.
53 PRR, "'n Oorsig oor die aktiwiteite van die Kapelaansvrouekomitee vanaf 1 Mei 1983 – 30 November 1990", A.

posisioneer. In 1994 het die SANW tot stand gekom met die samesnoering van die SAW, die statutêre militêre magte van die voormalige tuislande (Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei; ook bekend as die TBVC-lande), uMkhonto weSizwe (MK), die militêre vleuel van die African National Congress (ANC), en die Azanian Peoples' Liberation Army (APLA), die militêre vleuel van die die Pan-Africanist Congress (PAC).[54] Me. Jordaan verhaal dat inligtingsgeleenthede oor die werksaamhede van kapelaansvroue vir die vroue van die ander integrerende militêre magte gehou is, maar dat belangstelling ontbreek het. In die groter opset van die demokratiseringsproses is betrokkenheid geërodeer en teen 1998 het die Kapelaansvrouekomitee opgehou om te funksioneer.[55] Tydens die termyn van brig.-genl. M. Cornelissen en sy vrou, Lizette, is die behoefte aan groter samehorigheid onder kapelaansvroue weer uitgespreek. In 2008 het 'n rubriek vir kapelaansvroue in die twee uitgawes van die nuwe amptelike kapelaanspublikasie, *The Military Chaplain*, verskyn. Die klem het egter op die SANW Vroueforum geval en nie op die werksaamhede van kapelaansvroue nie.[56]

Slotbeskouing

Hoewel sosiale rolparadigmas kapelaansvroue tot 'n ondersteunende rol in die kapelaansbediening beperk het, het die patriargale bestel nie hulle toewyding as predikantsvroue en as offisiersvroue gedemp nie. Kapelaansvroue het 'n boodskap gehad om uit te dra en hulle het dit op vele praktiese maniere gedoen. Hulle meelewing en diensbaarheid was van onskatbare waarde vir die militêre gemeenskap van Suid-Afrika. Dit het gestalte gevind in geestelike weerbaarheidsprojekte en in die daarstel van fisiese fasiliteite wat spesifieke behoeftes in die militêre gemeenskap hanteer het.

Binne die heersende sosiale rolparadigmas van die twintigste eeu het kapelaansvroue deur hulle betrokkenheid by, byvoorbeeld, die Diensplig soldate

54 TT Matanzima, "Human resources challenges" in J Cilliers (red.), *Continuity in change: The SA Army in transition* (Monograph Series 26, Halfway House, 1998), p. 56; T Motumi en P Mckenzie, "After the war: Demobilisation in South Africa" in J Cock en P McKenzie (reds.), *From defence to development: Redirecting military resources in South Africa* (Kaapstad: , 1998), p. 189. Die voormalige Inkatha Freedom Party Self-Protection Units, ook bekend as die KwaZulu Self-Protection Force (KZSPF), het ook deel van die nuwe SANW geword, maar hulle was nie deel van die integrasieproses nie en het gedurende 1996 as nuwe rekrute aaangesluit.

55 Onderhoud, G Jordaan (Kapelaan-generaalsvrou, 1990-1994)/I Bredenkamp (Navorser, UV), Pretoria, 8 Julie 2013 en telefoongesprek, 15 Januarie 2014; SG van Niekerk, *The history, role…*, p. 225.

56 L Cornelissen, "Wives of chaplains host generals' wives, *The Military Chaplain* (7)1, Winter 2008, p. 30; B Ngwenya, "News from spouses", *The Military Chaplain* 7(2), Summer 2008, p. 19. Sedertdien het net een uitgawe van *The Military Chaplain* in 2011 verskyn, maar sonder 'n rubriek vir kapelaansvroue.

en projekte soos Melita en die koffiekamers, 'n waardevolle bydrae gelewer tot die kosbare rekord van dienslewering wat die SAW se militêre kapelaansbediening gekenmerk het. Erkenning vir en inagneming van die rol wat kapelaansvroue in die SAW gespeel het, verskuif daarom ook die grense van 'n patriargale, eendimensionele interpretasie van die Suid-Afrikaanse militêre geskiedenis. Nie alleen word 'n faset van die geskiedenis van vroue in Suid-Afrika daarmee gedokumenteer nie, maar daarsonder sou die historiese verslag van die bediening van kapelane in Suid-Afrika onvolledig wees.